Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

27 Februarie 2026 Uitgawe: 7/1/2026

## UIT DIE KANTOOR

Dit was ‘n uiters besige week wat agter die rug is. Dankie vir ouers se geduld met die aanpassing van die roetine.

**Ken-mekaar-braai:**
Groot dank aan al die ouers wat Woensdagaand se ken-mekaar-braai bygewoon het. Dit was ‘n heerlike geleentheid. Dankie aan die Ouerkomitee en Ondersteunersklub wat ook hul komitee en jaarprogram met die ouers kom deel het.

**Sportbadkamers:**
Vandag het ons die amptelike ingebruikneming van ons nuwe, opgeknapte sportbadkamers gevier met ons Oupa- en Oumadag. Ouers, veral dames, sal oplet dat daar addisionele fasiliteite vir ons volwasse dames geskep is wat slegs beskikbaar gestel gaan word tydens groot sportgeleenthede. Tydens normale skooldae sal slegs die seuns en dogters se badkamers oopgesluit word vir gebruik. Die dogters en seunsbadkamers is ook netjies oorgedoen en spreek van wêreldklas gehalte waarop ons baie trots is. Baie dankie aan die Beheerliggaam en veral mnr. Gerhard Boshoff wat hierdie projek in 2025 begin het en suksesvol afgehandel het.

**Oupa- en Oumadag:**
Baie dankie aan al die oupas en oumas wat vandag Tjokkies se lekker kuierdag saam hul kleinkinders bygewoon het. Dit was ‘n baie spesiale dag vir ons klein Tjokkies. Grootouers het van tot sover as Polokwane, Mosselbaai, Grootbrak, Cradock en nog vele ander plekke gereis om hierdie dag te kom bywoon. Baie van hulle is ook bederf met ‘n heerlike GSF-swemgala wat Donderdagmiddag plaasgevind het. Ons waardeer almal se ondersteuning en teenwoordigheid.

**Top skole:**
Eerskomende Saterdag, 28 Februarie, bied die Provinsiale Departement van Onderwys ’n “*Well done*”- funksie aan waar erkenning aan skole gegee word vir hul puik prestasie in die Nasionale Senior Eksamen van 2025. Tydens hierdie geleentheid word daar ook erkenning gegee aan laerskole wat puik presteer. Tjokkies is in die bevoorregte posisie om ook na hierdie geleentheid uitgenooi te wees om ’n toekenning te ontvang. Ek is opgewonde daaroor en sal graag volgende week meer terugvoer daaroor gee.

**Sport:**
Baie sterkte aan al ons atlete wat vandag aan die Motheo/Xhariep Kampioenskappe by die Vrystaat Stadion deelneem. Mag elkeen net sy heel beste gee.
Die eerste gedeelte van die krieketseisoen is ook nou afgehandel. Dit sal eers weer in kwartaal 4 voortgesit word. Baie dankie aan elke speler wat altyd sy bes gedoen het en Tjokkies se naam hoog gehou het.


Oefeninge volgens die nuwe interimrooster vir winter-sportsoorte begin volgende week. Hierdie rooster sal gevolg word tot die einde van die kwartaal waarna daar aan die begin van kwartaal 2 weer ‘n nuwe buitemuurse rooster beskikbaar gestel sal word.

Let egter asb. daarop dat atlete wat deurgedring het na die Vrystaat-kampioenskappe steeds moet oefen soos met die afrigter ooreengekom is. Die swemspan neem ook nog op 6 Maart deel aan ’n swemgala in Trompsburg. Hulle moet dus almal nog komende week steeds swem oefen. Die swemspan mag dan vanaf 9 Maart by die interimrooster inskakel.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 27 Feb.: | Oupa- en Oumadag |
| | Motheo/Xhariep Kampioenskappe |
| 27 Feb-1 Mrt: | Voortrekker Kommandokamp |
| 2 Mrt.: | Tjokkie o/13B Aandliga |
| | Leerders ontvang toetswerk (Gr. 4-7) |
| 3 Mrt.: | Gr. 6 & 7 Redenaars |
| 4 Mrt.: | Tjokkie o/11B Aandliga |
| | H/S Fichardtpark Opedag (Gr. 7’s) |
| 5/6 Mrt.: | WP Aandliga |
| | o/10A/B & o/11A/B Netbal |
| | o/11A & o/13A Rugby |
| 6 Mrt.: | Trompsburg Swemgala |
| 7 Mrt.: | Atletiek: Vrystaat Kampioenskappe (Sasolburg) |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 1 Mrt.: | Me. Beaulah du Plessis (Admin) |
| 5 Mrt.: | Mnr. Ruan Strydom (Gr. 5) |

# ANDER

Afhaal van leerders

1. Ouers wat hulle kinders by die hoofhek aflaai moet asb. hul kinders aansê om by die klas vir hul maats te wag in die oggende. GEEN LEERDER SAL TOEGELAAT WORD OM BY BOOYSEN IN DIE OGGENDE VIR MAATS TE WAG OF IN DIE MIDDAE TE WAG VIR HUL OUERS NIE. Hy is nie 'n kinderoppasser nie en die kontrolekamer is nie 'n aflaaipunt vir pakkies nie. Dit lyk baie onnet en skep 'n swak beeld aan besoekers. Kinders wat nie direk na skool afgehaal word nie, moet by die Nasorgstudie inskakel of onder die afdak by Hek 4 vir ouers wag. Ouers wat nie gehoor gee aan hierdie versoeke nie, sal ongelukkig aangespreek moet word.

Parkering langs heining

2. Dit het ook onder my aandag gekom dat ouers wat by Hek 3 (tennisbane) onder die bome parkeer en daar wag in die middae, baie slordig parkeer. Wees asb. konsidererend en gee almal 'n plekkie om te stop. Moenie dwars onder bome parkeer nie, maar parkeer asb. met u voertuig se neus na die heining. Dit skep dan genoeg ruimte dat mede-ouers en besoekers ook langs mekaar kan parkeer. Dit help ook baie met die vloei van die verkeer.




Navrae: 051 - 522 3628 of preprim@tjokkies.co.za

OPENBARING 4:8 AFR53
Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

1 PETRUS 1:14-16 NLV
[14] Wees gehoorsaam aan God, want julle is sy kinders. Moenie weer soos vroeër julle natuurlike neigings die oorhand laat kry nie. Julle het destyds nie van beter geweet nie. [15] Soos Hy wat julle geroep het heilig is, moet julle in julle hele lewenswandel ook heilig wees. [16] Hy het immers self gesê: "Wees heilig, want Ék is heilig!"

Uit die 2 teksverse sien ons die volgende:
- God is Heilig.
- Sy heiligheid verander nie met tyd nie, want Hy is die Een wat "was, is en wat kom."
- God roep ons, Sy kinders, om heilig in ons hele lewenswandel te wees.

Heiligheid reflekteer God se karakter en morele reinheid. Dankie tog vir Sy Heilige Gees wat ons groot Helper is!

Heiligheid is die sambreel waaronder ons ware beskerming, vryheid, vrede, guns en lewe geniet. Wanneer ons 'n voetjie uit die sambreel wil sit, staan die vyand reg om te "slag, steel en te verwoes." En hy doen dit stadig en geleidelik met skaapsklere.

Heiligheid verg soms om moeilike besluite te maak...soos om op te staan vir wat reg is, al staan jy alleen...of om meer kere "nee" te sê in teenstryd met mense se goedkeuring.

God roep ons om heilig te wees in ons **hele** lewenswandel.

SPREUKE 16:2-3 AFR53
[2] Al die weë van 'n man is suiwer in sy oë, maar die Here toets die geeste. [3] Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word.




https://forms.gle/3AUPX4ccgJovDwcp9

# SNUFFELS







https://specials.checkers.co.za/deals/nccheckersxtrasavingsxtravaganza23feb01mar/index.html